NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

*ahv Filippense 2*

## AHV FILIPPENSE 2

**Voorganger:** Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God die Vader

**Gemeente:** Hy wat in die gestalte van God was, maar Homself verneder het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word

**Voorganger:** wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is.

**Gemeente:** Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

**Voorganger:** Hy het op die derde dag weer opgestaan uit die dood, opgevaar na die hemel en Hy sit aan die regterhand van God die almagtige Vader.

**Gemeente:** God het Hom tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is.

**Voorganger:** In die Naam van Jesus sal elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie buig, en elke tong sal erken: Jesus Christus is die Here!

**Gemeente:** Tot eer van God die Vader.